# Bespreking en Gesprek

## A. Boekbespreking:

GEORGE B SILBERBAUER: BUSHMAN SURVEY REPORT. *An Official Report for the Bechuanaland Government*, Gaberones, February 1965.

George B. Silberbauer het as administratiewe amptenaar van sy regering opdrag ontvang en deur middel van nagraadse studie aan die Universiteit van die Witwatersrand, vanaf 1958 'n intensiewe studie van die sogenaamde „wilde" Boesmans, die G/wi stam, in die omgewing van Ghanzi gemaak. Na ses jaar het 'n omvattende verslag van ongeveer 124 bladsye en 'n verdere 6 bladsye aanbevelings, die lig gesien.

Hierdie navorsing is natuurlik van onskatbare waarde vir die sosioloog, ekoloog, antropoloog, volkekundige, aadrykskundige, staatsadministrateur en selfs vir die bioloog en plantkundige. Die verslag is egter so insiggewend en lees so lekker dat dit ook vir die missioloog van groot belang is.

Silberbauer vind hierdie oudste inwoners van Suidelike Afrika vriendelik, maar sku-skaam teenoor vreemdelinge. Hulle is intelligent maar hulle het 'n besonder kort konsentrasie-span in hul geestelike aktiwiteit en absoluut geen belangstelling vir iets wat nie van onmiddellike aktuele belang is nie (p. 9). Dit is vanselfsprekend belangrike feite waarmee in die sendingbenadering rekening gehou moet word. Misverstand van hulle geaardheid kan ligtelik lei tot 'n foutiewe oordeel. Die Boesman se belangeloosheid by dit wat vir die navorser of sendeling van groot belang is, kan verkeerdelik as „mental inferiority" vertolk word. Silberbauer sê: „In six years among the G/wi, I have done little more than scratch the surface of their culture and glean an elementary understanding of them, their way of life and their language. Other social anthropologists are presently active in the field, notably Mr. Richard Lee . . . Dr. H. J. Heinz . . ." (p. 11).

Die sendingwetenskap sal moet kennis neem van die demografiese, ekonomiese, ekologiese, godsdienstige en inter-etniese verhoudings waaroor in hierdie verslag uitvoerig gehandel word. Om die evangelie onder so 'n tipiese nomadiese jagtersvolk te bring, verg 'n besondere benadering. Dit is amper 'n vraag hoe die evangelie wat baie vas is in so 'n onstabiele leefwyse sal pas! In hierdie verband moet verder in gedagte gehou word dat die Boesman se stamgewoontes aanmerklik verskil van dié van enige ander volk in Suidelike Afrika. Daar is geen kaptein-stelsel of stelsel van Boesman-owerhede nie. Boesmans swerf in groepe van ongeveer sestig. Die gemeenskaplike opinie geld as die reël, dissipline en wet in daardie groep. Daar kan dus nie sprake wees van kerstening van 'n hoof met die gedagte dat dit die

stam in 'n sekere rigting sal stuur nie. In die lente breek die groepe op in klein familie-eenhede met die oog op die skaarste aan voedsel. Die sendeling sal moet aansluit by die invloed en gesagstruktuur van die ouers, by die „clan" en veral by die unieke en ten volle geemansipeerde posisie van die Boesman-vrou. Miskien moet juis die vrou (sonder dat dit 'n matriargale stelsel is) as die stabiele faktor in die Boesman samelewing en ekonomie aangemerk word.

Silberbauer meen dat 'n Boesman gemiddeld nie ouer as 45 jaar word nie (p. 92). Die sendeling kan gevolglik nie verwag dat die evangelie deur 'n ouer geslag van Boesman-christene gedra en ingedra sal word nie.

Die sendingwetenskap kan wel uit die navorsing van Silberbauer sekere punte vind waarby aangesluit kan word, byvoorbeeld die Boesman se verantwoordelike benadering tot die natuur. Hy jag en oes uit godsdienstige motiewe net met die oog op sy lewensonderhoud. Hy jag nooit vir sport of vir die genot van doodmaak nie. 'n Sendeling moet dink aan die besonder sterk bande van kameraadskap (naasteliefde?), waarop die Boesman-samelewing en selfs die jagpartye georganiseer is. Dit is 'n samelewing met 'n natuurlike gemeenskaplike besit en bestaan (vgl. Hand. 2). Hierdie kommuniale leefwyse ontstaan nie uit 'n ideologie soos die Kommunisme nie.

Vir die teoloog is Silberbauer se uitvoerige behandeling van die Boesman se opvattings oor godsdiens, bo-natuurlike wesens en die dood van besondere belang. Dit is merkwaardig dat hierdie primitiewe mense, afgesonder in Suidelike Afrika gedurende die afgelope twaalf tot vyftienduisend jaar, 'n monoteïstiese geloof bewaar het en die dualisme van goed en kwaad uit die geestelike wêreld ken. *N!odima* leef in die hemel en is mensvormig; onsigbaar en onvernietigbaar; alwetend en alomteenwoordig. Hy het die wêreld oorspronklik goed geskape. Daarteenoor ken die Boesman vir *G/awama*, wat onverpoosd probeer om *N!odima* se werk te bederf. Hy is die oorsaak van ongelukke, siektes en verkeerde optrede by mense. Gevolglik meng *N!odima* slegs insidenteel in by gebeurtenisse op aarde (p. 95 e.v.). Hoewel *N!odima* antropomorf gesien word, is hy hoegenaamd nie aan menslike beperkinge onderhewig nie. Die Boesman maak hom nie verder moeg oor die woonplek of natuur van *N!odima* nie. Hy probeer gevolglik nie met *N!odima* gemeenskap oefen deur gebede, liedere of offers nie. Daar is gevolglik onder die Boesmans geen priester of godsdienstige voorganger nie.

*N!odima* is die skepper van lewe. Gevolglik mag diere (selfs insekte) slegs met 'n goeie doel voor oë gedood word (p. 95), anders mag *N!odima* strawwend ingryp. Hy skep lewe in swangerskap, maar die seksuele gemeenskap kom van *G/awama* en is kwaad.

*G/awama* is ook 'n onsigbare en semi-antropomorfe wese. Hy beïnvloed mense ten kwade. Die Boesmans glo dat veral die vrouens deur die slegte gees van *G/awama* aangetas word. Hy word gevolglik bestry met eksorsie-danse, te wete die Gemsbok- en Ysterdanse. Die mens moet die kwaad uit die vroue deur middel van hulle hande trek

terwyl hulle rondom die sittende vroue dans. Wanneer 'n man die kwaad absorbeer, raak hy in vervoering en weldra in beswyming, "almost or completely unconscious. The trance after collapse may be cataleptic, with a very slow pulse rate, or even absence of pulse-beat and very low skin temperature . . . Other men in trances show very high pulse rates . . . and sweating . . . " (p. 97).

Hoewel *N!odima* nie aangeroep word nie, word dit wel met die reën, die son en die maan gedoen. Hierdie natuurverskynsels word in 'n sekere sin ook antropomorf gesien (p. 101 e.v.). Omdat die Boesman nie die natuurlike en bo-natuurlike soos ons skei nie, "their attitudes and beliefs concerning *N!odima* and *G/awama* and the (to us) natural phenomena of sun, moon, and rain are casual, confused and very difficult to obtain and put into any sort of order" (p. 102). Daar is 'n variasie tussen die opvattings en praktyke van verskillende Boesman-stamme.

Die G/wi glo in die voortbestaan van die siel na die dood, maar hulle sien geen verband tussen die lewe en die toestand van die siel na die dood nie. Daar is geen hemel of hel nie. Hoe jonger iemand sterf hoe meer kwaadaardig is sy gees vanweë die verbreking van sy band met sy familie en groep. Gevolglik is so 'n gees gevaarlik en vermy die Boesman die graf so gou as moontlik.

Silberbauer gee in sy slothoofstukke (p. 114 e.v.) 'n historiese en ekonomiese analise van die gekompliseerde situasie wat ontstaan het toe die Europese boer as werkgewer teenoor die tipiese Boesman as werknemer te staan gekom het; gekompliseerd vir die Boesman wat uit 'n radikaal ander sosiaal-ekonomiese wêreld kom en hom moet handhaaf in die kapitalisties-europese struktuur, wat hom juis sy bestaansmoontlikheid in die woestyn stelselmatig ontneem. Hierdie aanraking van mense uit die latere steen-tydperk met die mens van die twintigste eeu is inderdaad 'n gekompliseerde verskynsel (vgl. p. 123).

Tussen die Boesman en Bantu het gaandeweg ook 'n eiesoortige sisteem van beskermheer en kliënt ontwikkel. Dit is opmerklik dat hierdie natuurlike ontwikkeling die patroon van afsonderlike ontwikkeling vertoon, waar die Boesmans in "their own village some distance" van dié van die Bantu-beskermheer gaan woon (p. 128). Die afhanklike ekonomie van daardie Boesman is deels geïntegreerd by en word deel geïnisieer deur dié van die Bantu skutsheer. 'n Mens kom onwillekeurig onder die indruk dat dié natuurlike ontwikkeling in die Kalahari-woestyn tussen Bantu en Boesman grotendeels 'n replika bied van dit wat tussen Blanke en Bantu in Suid-Afrika ontwikkel het. In hierdie geval noem die Boesmans hulle Bantubeskermheer "owner" en hy beskou hulle "born as his property". Tog is Silberbauer oortuig dat "the system of patronage and clientage does not amount to slavery as has sometimes been alleged. Slavery entails a state not entered voluntarily . . . The mere absence of cash reward is, in itself, insignificant in an undeveloped country like Bechuanaland . . . " (p. 130). "In general, Bantu regard Bushmen as inferiors, which they certainly are as far as technological achievement is concerned, and

some even equate Bushmen with baboons or monkeys . . . Fortunately the view is held by a very small minority. The Tswana are a courteous people and are more inclined to kindness towards others . . ." (p. 131). "The Bushmen are conscious of their separate identity, but have neither pride nor shame in it and would have little resistance against being absorbed into the Bantu population". Die proses sal egter baie langsaam voltrek word, op grond van die Bantu se meerderwaardige selfwaardering ten opsigte van die Boesman (p. 131). Die feit is seker korrek waargeneem, maar die interpretasie te eng. Silberbauer is van mening dat hoofsaaklik ekonomiese faktore hierdie "prejudice" skep (p. 135)!!

Hoewel dit vir die doel van hierdie kommentaar op Silberbauer se verslag onnodig is, merk 'n mens tog op dat Silberbauer klaarblyklik ook besondere fisieke raseienskappe by die Boesmans vasgestel het, byvoorbeeld, lewensduur, vrugbaarheidsperiode, natuurlike kinder-spasiëring, totale afwesigheid van tweelinge, ens., afgesien van die meer bekende eienskappe soos grootte, agterstewe, kopbeen, ens.

So 'n indringende analise in die mense van ons buurstaat Botswana, al is dit gedoen deur iemand met 'n ander lewensbeskouing, bied vir ons baie stof en feite wat ook missiologies vertolk moet word, indien die kerstening van die Boesmans, soos deur die Gereformeerde Kerke in S.W.A. ter hand geneem, op wetenskaplike bane moet geskied. 'n Eksemplaar van die verslag is in die Biblioteek van die Teologiese Skool op Hammanskraal beskikbaar.

B. SPOELSTRA.